

Ons Kontrei

Ons mense se koerant sedert 1968

www.onskontrei.co.za

15 AUGUSTUS 2025 - JAARGANG 57-1689

R7.00 Inklusief

Telefoon: 027 213 2074

E-pos: info.onskontrei1@gmail.com

DAMSTAND

13 Augustus 2025 - 78.06%

13 Augustus 2024 - 93.75%

Reënval vir die week:
0.9mm

MBD Tel: 02721 32 6 32 (alle ure)
Begrafnisdienste
Vredendal

Kwaaddoeners teiken skool



Uitkyk Primêr loop gereeld deur onder diefstal. Lees die volledige berig op bl 3.
Foto: Annemarie Munnik.

Sterkte aan alle leerders met die naweek se Interskole

Lees binne:

Video maak opslae bl 2

Landbouwerker van die Jaar bl 8

Weervoorspelling vir die week

Tel: 02721 32 6 32 (alle ure)
MBD Begrafnisdienste Vredendal

Don. 14/08	Vry. 15/08	Sat. 16/08	Son. 17/08
7°/19°	9°/19°	7°/20°	6°/23°

Ma. 18/08	Di. 19/08	Wo. 20/08
6°/27°	6°/22°	5°/20°

Inligting verkry vanaf AccuWeather 13 Aug. 2025

TVET MONTH

01-31 AUGUST 2025

THEME - TVET for All: Skills. Opportunity. Change.

FREE Career Assessments during this month

Make your appointment at your nearest campus today.

Central Office
022 482 1143
www.westcoastcollege.co.za

Atlantis Campus	021 577 1727	West Coast College Institute of Excellence Westcoastcollege
Citrusdal Campus	022 921 2457	
Malmesbury Campus	022 487 2851	
Vredenburg Campus	022 713 3167	
Vredendal Campus	027 213 5673	

West Coast TVET College
Report Fraud
wccethics@gmail.com

AKTUELE NUUS

Argument eindig in moord Vordering by Clanwilliamdam

Berig: Kaptein Ludick

Berig: Mariaan Smuts

VANRHYNSDORP: 'n Argument het op Vrydag, 8 Augustus omstreeks 20:00 tussen twee mans ontstaan by hul woning op 'n plaas in die Urionskraal-area. Na bewering het dit gegaan oor drieliter wyn en die 23-jarige man het die 37-jarige man met 'n bruinhef okapi getakel. Twee messteke op die linkerarm en een deur die rib het veroorsaak dat die man erg gebloeit het, en na Vredendal Hospitaal vervoer is. Op Sondag, 10 Augustus in die oggendure is die SAPD in kennis gestel

dat hy egter oorlede is. Die oorledene is afkomstig van Richmond in die Noord-Kaap en die verdagte is van Murraysburg. Die verdagte is dadelik gearresteer en die moordwapen is ook in die proses ingehandig. Die verdagte is aangekla van Moord en het op Dinsdag, 12 Augustus in die hof in Klawer verskyn. Die ondersoekbeampte is speurkonstabel Afrika. Persone met meer inligting kan hom kontak by 079 894 1667. Alle inligting sal as vertroulik hanteer word.

CLANWILLIAM: Departement van Water en Sanitasie (DWS), onder leiding van die waarnemende adjunk-direkteur-generaal vir infrastruktuur bestuur, Livhuwani Mabuda, het Donderdag, 7 Augustus 'n opdatering aan die Wes-Kaapse Provinsiale Regering en die lede van die Raad van Provinsies verskaf oor die vordering wat gemaak is met die verhoging van die Clanwilliamdam. Dit is deel van die departementele verbintenis tot deursigtigheid en verantwoordbaarheid.

volg: Die damvlak was Donderdag 7 Augustus 77%. Daar is geen berigte stroomaf van onderbrekings in die watervoorsiening tydens die verlaging van die damvlak nie. Geen berig van lewensverlies of skade aan eiendom nie. Die kofferdam het sedertdien opgedroog en die konstruksie aktiwiteit is hervat.

Die LUR vir Plaaslike Regering, Anton Bredell en die uitvoerende leierskap wat teenwoordig was, was beïndruk met die vordering sedert implementering van die projek, maar het die departement versoek om sy belofte van konstante kommunikasie na te kom. Bredell het die departement aangemoedig om saam met alle belanghebbendes te werk rakende die vervoer van grootmaat water. Hy het die departement aangeraai om 'n wyse te ondersoek wat die risiko van onwettige watergebruik en verdamping sal verminder. Die departement monitor die verhoging van die Clanwilliamdamprojek noukeurig en wil alle gebruikers en betrokke belanghebbendes gerusstel oor hul verbintenis tot die handhawing van deursigtigheid en aanspreeklikheid tydens die konstruksietydperk van die projek.

Die jongste opdatering oor die verlaging van die damvlakke van Clanwilliam is soos

Video op sosiale media maak opslae

Berig: Mariaan Smuts

CLANWILLIAM: 'n Video op sosiale media wat wys hoe 'n passasier die bestuurder van die voertuig met 'n mes steek, het groot oppraak verwek. Die bestuurder het daarna gevlug en is deur die passasier agternagesit. Dinsdag, 5 Augustus om 06:00 het 'n e-taxi bestuurder, Bazil Stuurman twee onbekende mans 'n geleentheid na Mooiplaas op die Bottelary-pad in Brackenfell gegee. Op pad na Mooiplaas het die voorste passasier vir Stuurman met 'n mes gestee en 'n vuurwapen op hom gerig. Stuurman is beroof van 'n selfoon ter waarde van R1 500. Hy het die saak by Brackenfell SAPD aangemeld. Die

voorstel passasier is in hegtenis geneem en aangekla, maar die ander passasier het op vlug geslaan. Dié passasier is 'n 42-jarige gewese SAPD-lid. Hy is dieselfde dag om 23:00 in 'n taxi in Citrusdal gearresteer met 160 Mandrax-tablette en 26 sakkies Tik in sy besit en is aangekla vir Handel in Dwelms. Na sy ontslag het hy na Clanwilliam gevlug waar hy gaan wegkruip het. Konstabel Van Reenen het hom Saterdag, 9 Augustus om 19:40 gearresteer nadat die SAPD inligting ontvang het dat hy daar wegkruip. Die SAPD van Brackenfell het hom in Clanwilliam kom haal.

Tronox ESD Programme fuels growth for local power jetting business

Press release

VREDENDAL: H2O Power Jetting Services, a 100% black-owned, 50% female youth-owned business based in Vredendal, is making a name for itself in the high-pressure cleaning industry, thanks to critical support from the Tronox Enterprise and Supplier Development (ESD) Programme. Founded by Leon Owies, the company evolved from an electrical business into a niche service provider offering high-pressure cleaning of power lines, sewage systems, industrial equipment, and water tanks. After they took on a job to install air conditioning at Tronox, they saw the need for high-pressure cleaning. Their journey began with a single high-pressure pump and a bold idea to solve slime buildup in mining machinery, which earned them new opportunities at the Brand se Baai mine and the broader Matzikama region. As demand grew, so did the need for equipment. In 2022, Tronox's ESD Programme supported them with funding to

help settle equipment debt and purchase a sewer jetter. "The funding gave us the capacity to compete with bigger companies and expand our services," said Leon. "We can now market to other provinces and deliver without fear." The company also benefited from supplier development training, which helped them implement systems for planning, invoicing, and administration. "The training taught us to get systems in place," said Leon. "The training taught us how to do short-term, medium-term and long-term planning to reach our goals. And how to get administrative systems in place; this has assisted us along the way." Now operating two trucks with plans for a third, H2O Power Jetting employs local youth and continues to invest in new technology. "Reflecting on our journey, it wasn't easy," Leon said. "But Tronox gave us the boost we needed. We show our gratitude by delivering the best service possible."

TRONOX

REQUEST FOR TENDER

INTERNAL DELIVERY TRANSPORT SERVICES AT THE BRAND-SE-BAAI MINE SITE

Tronox Mineral Sands (Pty) Ltd (Tronox) invites qualified vendors to submit prequalification documentation for a tender to provide Internal Delivery Transport Services at the Brand-se-Baai mine site.

SCOPE OF WORK SUMMARY

Tronox seeks a service provider to:

- Deliver stock and non-stock equipment across operational areas from 08:00 to 16:00, with after-hours support for breakdowns and housekeeping.
- Provide a 4x2 and a 4x4 vehicle with a 6-meter flatbed and lifting device with lifting truck mounted crane behind the cab.
- Ensure each delivery includes a driver and a assistant with basic rigging..

PERSONNEL REQUIREMENTS

- Truck Drivers: Valid heavy-duty license, experience, safety, and emergency handling skills.
- Assistant with Basic Rigging: experience, knowledge of rigging operations, and safety protocols.
- Forklift Drivers: experienced, skilled in confined space operations and load handling. -1.4 Ton battery-operated and 5-7 Ton Diesel-operated Forklifts
- Supervisor: supervisory experience, SAMTRAC intro qualification

MANDATORY RETURNABLE DOCUMENTS

- Company profile with contact details
- CVs and certificates of key staff
- Project references (Western Cape preferred)
- Valid tax clearance and BBBEE certificate/affidavit (Preference for 51% black women or youth-owned businesses)
- Letter of Good Standing (WCA/COIDA) – SMMEs may submit proof of application
- Public Liability Insurance (R10 million minimum) – SMMEs may register and fulfill later
- Preference will be given to local vendors in the mine's area

Only vendors who meet all criteria and submit the required documents will be invited to tender. This may be followed by an interview process.

Interested parties must register with the Senior Contract Specialist, Lauren Berman e-mail address: lauren.berman@tronox.com by forwarding documentation as proof of abovementioned pre-qualification criteria on or before 22 August 2025.

Tronox does not bind itself to accept any commitments or perceived expectations created through this request for information, nor to assign any reason for rejection of a contractor's submission. Tronox has committed itself to proactive initiatives to ensure constructive participation by Historically Disadvantaged South African people in various Tronox business opportunities. Through issuing this enquiry, Tronox encourages a fair competition opportunity and will embrace or give preference in terms of the Tronox Preferential Procurement Policy and related law and regulations to suppliers with proven capacity that have strong BEE credentials.



Workers busy cleaning a warehouse roof.

Photo: Supplied.

HOOF NUUS

Skool loop deur onder diefstal

Berig: Annemarie Munnik

LUTZVILLE: Uitkyk Primêr het Maandag, 11 Augustus vir die vierde keer in drie weke 'n diefstal insident gehad. Daar is al 20 meter omheining en koperpype gesteel by dié skool. In een van die voorvalle is 'n groot opening deur die kombuis se dak en plafon gekap om kameras binne-in die kombuis te steel.

Verskeie vensters is ook gebreek. Volgens die skool rig hierdie voorvalle groot skade aan dit wat die gemeenskap hard werk om op te bou. Te danke aan die sekuriteitstelsel het die SAPD en voorman Maandag betyds opgedaag om die twee verdagtes vas te trek. Ongelukkig herstel dit nog nie die skade nie en die finansiële uitgawes is hoog vir hierdie geen-skoolfonds skool. Diefstal verhoog

net die druk op 'n reeds stywe begroting. Lutzville SAPD het bevestig dat een persoon gearresteer is vir diefstal van die draad. 'n Saak van Kwaadwillige Beskadiging is gemaak, vir die dak wat beskadig is. Die kamera wat van die muur af verwyder is, is op die perseel gevind. Dit voel of die skool nou diewe se plaaslike inkopiesentrum word, omdat diefstal gereeld plaasvind. Die skool sal graag 'n

sekuriteitwag wil aanstel om saans wag te hou. Indien daar enige instansies is wat van hulp kan wees, kontak gerus die skoolhoof.

Volgens die Wes-Kaapse regering was daar die wintervakansie 57 voorvalle in 46 skole met herstel- en vervangingskoste van meer as R1 miljoen. Dit het skole gedwing om fondse weg van kernonderwysaktiwiteite te neem.

Holrivierpad eis twee lewens

Berig: Annemarie Munnik

LUTZVILLE: Twee mans het Saterdag, 9 Augustus net na 18:00 op die R362 (Holrivierpad) verongeluk. Die grys Polo Vivo was na bewering op pad terug na Vredendal toe die voertuig die pad net voor die brug verlaat het. Dit blyk dat die voertuig binne die draai beheer verloor het, in die sloot beland en teen die sement stormwaterblad tot stilstand gekom het. Met die plaaslike EMS se aankoms op die toneel, het hulle die twee insittendes in die voertuig aangevret. Die passasier was vasgekeer. Hy moes met die kake van die lewe verwyder word. Die 32-jarige Morne Kock van Gqeberha en 48-jarige Ricardo Gomes van Portugal is op die toneel dood verklaar. Dit blyk dat beide opslag dood is. Vredendal Brandweer, Lutzville SAPD en die plaaslike verkeer was saam met EMS op die toneel.

Geen verdere inligting oor die ongeluk is beskikbaar nie. Beide se families is intussen in kennis gestel.

Kock laat sy suster en pa agter. Geen inligting oor Gomes is beskikbaar nie. Volgens Lutzville SAPD was beide werksaam by die Eskom Sere Windplaas.

Volgens kaptein Helfrich van Weskus SAPD distrikskommunikasie is 'n saak van strafbare manslag geopen.



Die voertuig het teen die stormwaterblad tot stilstand gekom. Foto: Verskaf.

Vredendal, Matzikama

3 Leefareas
4 Slaapkamers
3.5 Badkamers en meer

ONDERHANDELBAAR

EH Properties
Registered with the PPRA

Te Koop
Esmé Hancke
083 66 77 330 **R2 950 000**

Hierdie advertensie is deur die betrokke party betaal.



VF PLUS JOU BETROUBARE KOALISIEVENNOOT

1. Die komende munisipale tussenverkiesing in Vanrhynsdorp (Wyk 7) op **Woensdag, 20 Augustus 2025** gaan bepalend wees vir die voortbestaan van die VF Plus/DA-koalisie in Matzikama.
2. Daarom het die VF Plus besluit om **nie** nou daar 'n kandidaat te stel waar stemme verdeel kan word nie.
3. Neem kennis dat die VF Plus in die **munisipale verkiesing van 2026** wel **kandidate in elke wyk** gaan stel om na jou belange om te sien.
4. **Voornemende kandidate** vir alle wyke word nou reeds gevra om **ons te kontak**.

Kontak VF Plus-raadslid
Chris White 083 316 5784



BRIEWE & RUBRIEKE

Dagboek 2025

Stuur gerus 2025 se datums
na info.onskontrei1@gmail.com

VANRHYNSDORP:

Blommemark

1 Augustus tot 5 September

Maandae tot Saterdag

09:00 - 16:00

NG Kerkzaal

NIEUWOUDTVILLE:

Blommemark

7 Augustus tot 13 September

Maandae tot Saterdag

09:00 - 16:00

NG Kerkzaal

EBENHAESER:

VGK Ebenhaeser Vonkel Ontbyt

Saterdag, 16 Augustus

09:00-12:00

Koste: R70 per persoon

CLANWILLIAM:

Raffle Fundraiser

Sederville Tehuis vir Bejaardes

Vrydag, 29 Augustus

13:00

Kontak 027 482 2330

KLAWER:

NG Kerk Lente Piekniek

Sondag, 31 Augustus

Kontak: 084 240 9839,

083 425 0401

Ons Kontrei proudly displays the "FAIR" stamp of the Press Council of South Africa, indicating our commitment to adhere to the Code of Ethics for Print and online media which prescribes that our reportage is truthful, accurate and fair. Should you wish to lodge a complaint about our news coverage, please lodge a complaint on the Press Council's website, www.presscouncil.org.za or email the complaint to enquiries@ombudsman.org.za. Contact the Press Council on 011 484 3612.



Ons Kontrei

Ons mense se koerant

UITGEWERS:

Riaan Oberholzer

Marinda Oberholzer

REDAKSIE:

Annemarie Munnik 082 657 3182

edit.onskontrei1@gmail.com

Mariaan Smuts 082 926 9934

(Cederberg) maaitjie@isales.co.za

GRAFIESE ONTWERPER:

Marieta Swanepoel

info.onskontrei1@gmail.com

BEMARKING:

Annemarie Munnik 082 657 3182

ads2.onskontrei@gmail.com

Matzikama-area

Mariaan Smuts 082 926 9934

maaitjie@isales.co.za

Cederberg-area

VREDENDAL KANTOOR:

Desiree van Wyk 027 213 2074

Acc.onskontrei@gmail.com

Gedruk deur: Inc. Print Solutions

Die oorwinning is behaal deur Jesus Christus

Psalm 68 is 'n psalm van oorwinning. Dit is een groot oorwinningslied van begin tot einde, soos min ander dele in die Bybel. Die begin van hierdie psalm kondig dit so eenvoudig aan, maar tog baie kragtig.

Vers 2: "God staan op, sy vyande spat uiteen." Vers 3 stel die Here se vyande gelyk aan rook wat weggewaai word, en gelyk aan was wat smelt voor vuur. Dis oorwinning! En daarin kan die regverdige bly wees. Lees net weer die jubeltoon van verse 4-5. Daar is een groot verheuging, want die oorwinning is behaal. Verse 8-19 beskryf die oorwinning van Israel. Dit is die geskiedenis vanaf die slawerny in Egipte, deur die wildernis (vs 8), die verbond en wet by Sinai (vs 9), tot in die be-

loofde land (vs 10). Dan volg die goeie tyding (vs 12-15). Die oorwinning is behaal, die volk ontvang die land en die goeie tyding gaan uit vanaf die Here self vers 12. Die Here self bring die goeie tyding, die goeie boodskap, die evangelie.

Die oorwinning is behaal en die Here gaan sit op sy troon daar op Sionsberg waar sy tempel gestaan het (vs 16-19). Let veral op vers 19: Die Here het opgevaar na die hoogte. Hy het ook gevangenes weggevoer gevange geneem. Hy het ook skatplichtig gevorder by die mense. Ja, dit gebeur daar op Sionsberg waar die Here se tempel was, nadat die volk die land ontvang het. Tog haal Paulus hierdie vers in *Efesiërs* 4:7-10 aan en wys dat hierdie

heengewys het na Jesus Christus. Hy het opgevaar na die hoogte. *Jesus Christus se hemelvaart is 'n troonbestyging*. Die Oorwinnaar het op sy troon gaan sit ná die oorwinning hier op aarde.

In hierdie oorwinning het ons nie net eenmalig deel gekry met ons wedergeboorte nie, maar steeds het ons deel daarin. "Dag na dag dra Hy ons" (vs 20). Vers 21 se woorde is eintlik meervoudige verlossings en uitkomst. Dag na dag dra Hy ons. Die oorwinning is behaal. Ons kan nou reeds elke dag juig en bly wees in die oorwinning wat behaal is in Jesus Christus. In hierdie oorwinning het ons steeds deel elke dag.

Dominee Reinhard Boersema

Briewe & Meningsblad

Persone wie se opinie op die Briewe & Meningsblad geplaas word, gee hul subjektiewe siening van 'n situasie. Ons Kontrei se bestuur en personeel stem NIE noodwendig saam met 'n skrywer se mening NIE. Geen rassisme, naamskending of enige vorm van belediging sal geduld word nie.

Stuur gerus u menings na:

redakteur.onskontrei1@gmail.com

en verskaf asb u naam en kontaknommer onder aan, naamlose briewe sal nie oorweeg word nie.

Weens gebrek aan spasie sal GEEN briewe met meer as 250 woorde aanvaar word nie of geredigeer word.

Rusverstoring met 'n hart

Berig en foto's: Verskaf

VANRHYNSDORP: Matzikama Motorcycle Ministries, 'n nie-winsgewende motorfietsgroep het gedurende Julie 'n kombersinsameling gehou by Maskam Mall. Hulle het elke Saterdag en Sondag die gemeenskap betrek om komberse vir minderbevoorregte instansies in te samel. Op Saterdag, 2 Augustus het die groep hul belofte gestand gedoen deur Huis Matzikama te besoek en die komberse te oor-

handig. Die besoek was gevul met warmte, nie net van die komberse nie, maar ook van die geselskap. Na tee en varsgebakte skons op die stoep, het die inwoners wat wou, die kans gehad om 'n rit op die motorfiets te geniet. 'n Onvergeetlike belewenis wat harte bly gemaak het. Hierdie aksie is 'n voorbeeld hoe gemeenskappe saamkom om liefde en ondersteuning te versprei. Matzikama Motorcycle Ministries bedank elkeen wat 'n bydrae gemaak het.



Lede van Matzikama Motorcycle Ministries.



Een van die inwoners geniet 'n motorfietsrit.

Luisteraars ondersteuning help radiostasie

Berig en foto: Verskaf

VREDENDAL: Radio Namakwaland se jaarlikse Teleton het van 28 Julie tot 2 Augustus plaasgevind.

Luisteraars en besighede het weer eens saamgespan om die stasie te ondersteun en oom Karoolus en Lente het reeds die 22ste Julie begin om verskeie skole in Matzikama te besoek.

Die veiling het laat Saterdagmiddag, 2 Augustus gesluit op 'n allemintige R552 000. Sederdien het die beloftes gegroei tot R611 305, danksy talle luisteraars wat steeds donasies maak.

Radio Namakwaland bedank almal wat gehelp het om Teleton 2025 suksesvol te maak. "Ons kan danksy almal se ondersteuning voortgaan om die Evange-

lie uit te saai," aldus Egbert Brink, stasiebestuurder.



Gaste deel 'n grappie.



VREDENDAL: Gideon van Zyl junior het Vrydagmiddag, 8 Augustus blik geskud by die robot. Hy trou die laaste naweek in November. Foto: Verskaf.

"You don't stop laughing when you grow old, you grow old when you stop laughing."- George Bernard Shaw

Super Savings

Super WINS!

Competition valid from 23 Jun - 7 Oct 2025



VALID UNTIL 17 AUGUST 2025 AT SELECTED STORES IN THE WESTERN CAPE

AS SEEN ON TV

159⁹⁹ each	59⁹⁹ each	49⁹⁹ each	69⁹⁹ each
Save R40	Save R20	Save R20	Save R30
WITH RewardsCARD	WITH RewardsCARD	WITH RewardsCARD	WITH RewardsCARD

Butcher's best

69⁹⁹ per kg	65⁹⁹ per kg

79⁹⁹ per kg	169⁹⁹ per kg

COMBO DEAL

SPAR White Sugar 1kg, SPAR Pilchards in Tomato or Chilli Sauce 400g, SaveMor Baked Beans 410g, SaveMor Macaroni or Spaghetti 500g, SPAR Cake Flour 1kg & SPAR Super Maize Meal 1kg

BUY ALL FOR 100⁰⁰

Save R20 WITH RewardsCARD

Spekko Long Grain Parboiled White Rice 2 kg **29⁹⁹** each Save R15 WITH RewardsCARD

Mellerware Double Spiral Hot Plate 1s **169⁹⁹** each Save R60 WITH RewardsCARD

AS SEEN ON TV **BUY ME TO ENTER** **Pampers** Active Baby Diapers or Pants Value Pack Assorted Sizes (Excl. Premium) **169⁹⁹** per pack Save R80 WITH RewardsCARD

KULCHA at tops! B&T Cooler Gin or Vodka Cans Assorted 6 x 440 ml **99⁹⁹** each WITH RewardsCARD

Johnnie Walker Black 750ml **429⁹⁹** each WITH RewardsCARD

Russian Bear Triple Distilled Vodka (incl. Flavours) 750ml **149⁹⁹** each WITH RewardsCARD

Fresh choice

freshline **BUY 2 FOR 30⁰⁰** SPAR freshline Tomatoes 1 kg **19⁹⁹** each

freshline SPAR freshline Pears 1.5 kg **19⁹⁹** each

Potatoes 7 kg **49⁹⁹** each

Baker's choice

Albany Everyday Brown & Thick Slice Brown Bread 700 g **15⁹⁹** each

Specials available at all TOPS at SPAR stores from 13 August up to and including 17 August 2025, while stocks last. We reserve the right to limit quantities. Price and product availability may vary by region. Prices include VAT. No traders please.

#NO **Not For Persons Under The Age Of 18.**

Specials available from 13 August up to and including 17 August 2025 at all SPAR & SUPERSPAR stores in the Western Cape incl. Kakamas, Springbok, Port Nolloth, Kalahari Mall, Victoria West, River City, Carnavon & Brays (Keimos), Selected KWIKSPAR stores, excluding SPAR Express and SaveMor stores. Excludes store in George, Knysna & Plettenberg Bay. Selected products may not be available at all stores. While stocks last. Prices include VAT. No traders. E & OE. No wine or pork is sold in Halaal stores. T's and C's apply. See in-store for more.

SPAR Rewards More for You

SIGN UP FOR MORE! MORE SAVINGS. MORE WINS. MORE FOR YOU.

Maximum 5 SPAR Rewards deals per product, per customer on all SAVE EXTRA products. While stocks last. Ts & Cs apply.

INDEKS

Geklassifiseerd * Betrekkings * Bedankings * Kennisgewings

1. GELUKWENSING
2. STERFGEVALLE
3. IN MEMORIAM
4. BEDANKINGS
5. LENINGS
6. DIENSTE
7. DAGSORG
8. EETGOED
9. BETREKKING
10. VERLORE / VERMIS
11. ALGEMEEN
12. BOTE / DIUK-TOERUSTING
13. LEWENDEHAWE
14. TROETELDIERE
15. GESOEK / BENODIG
16. MEUBELS
17. MUSIEK-INSTRUMENTE
18. RADIO / TV / VIDEO
19. TUINBOUDIENSTE
20. JUWELIERSWARE
21. BESIGHEIDS-GELEENTHEID
22. SPORTTOERUSTING
23. VAKANSIE
24. AKKOMMODASIE
25. REKENAARS
26. KANTOOR-TOERUSTING
27. BOUMATERIAAL
28. BOUWERK / VERF
29. VERVOER
30. AKKOMMODASIE
31. TE HUUR
32. SEKURITEIT / WAPENS
33. FIETSE
34. MASJINERIE/IMPLEMENTE
35. ONDERDELE / ENJINS
36. MOTORHERSTELWERK
37. SLEEPWAENS
38. MOTORFIETSE
39. WOONWAENS
40. VOERTUIE
41. EIENDOM
42. BETREKKINGS
43. BLINDINGS
44. ELEKTRIESE-WARE
45. GRASSNYERS
46. TE KOOP
47. TE RUIL

29 AKKOMMODASIE

DURBANVILLE: Veilige akkommodasie. Self-sorgwoningstel ten volle toegerus. 1Km vanaf Durbanville Medi Clinic. Netjies, swembad & braaiplaat, DSTV, Wi-Fi. Billike pryse gewaarborg. Skakel Mev van Niekerk by 083 648 5858 of WhatsApp 065 528 6305.



PASELLA ADS
IS GRATIS
Geen handelaars mag hier adverteer. Slegs 10 woorde per advertensie word toegelaat.

TE KOOP: Essential 2 plaat stofie met oond, soos nuut @ R750, 073 723 3389.
TE KOOP: Klavier met koper kersblakers bo note (foto's beskikbaar), 082 734 8021 (na-ure).
TE KOOP: 2 x Buitebande 285/17 in goeie toestand, 079 589 9816 (Vanrhynsdorp).
TE KOOP: Seiltjie (jinskuif tipe) vir 2019 Ford Ranger bakke, 079 589 9816 (Vanrhynsdorp).

Vir die druk en ontwerp van boeke, kontak ons gerus.

PROTEA DRUKKERY
Tel: 027 213 2074

Lees Ons Kontrei aanlyn by
www.onskontrei.co.za
Wil jy graag weet wat gebeur in die omgewing? Besoek dan gerus ons aanlyn-kalender by www.onskontrei.co.za

KENNISGEWING

Vir plasing van kennisgewings, tenders, veilings, betrekkings, gelukwensings, bedankings of enige ander advertensie. E-pos u inligting na info.onskontrei@gmail.com of skakel 027 213 2074

Lutzville Landbouskou 'n reuse sukses

Berig en foto: Annemarie Munnik

LUTZVILLE: Die 79ste Lutzville Landbouskou het van 31 Julie tot 2 Augustus plaasgevind. Met 'n propvol program vir oud en jonk het dit weereens nie teleurgestel nie. Dokter Ivan Meyer en dominee Lambrecht het amptelik die skou op Donderdag om 12:00 geopen. Ander aktiwiteite wat in die aande plaasgevind het, was die potjiekoskompetisie, Mejuffrou Lutzville Skou-kroning en die danse op Vrydag- en Saterdag met bekende kunstenaars. Saterdag is 'n damesoggend gehou met verskeie gasprekers. Verder het skou-gangers 'n groot verskeidenheid aktiwiteite gehad om te geniet as hulle nie die perde besigtig het nie. Kinders kon onder andere die rodeo-bul aandurf, die springkastele

geniet of knortjor ry, om net 'n paar aktiwiteite te noem.

Dié jaar is daar nie net met spogperde geskou nie, maar ook met pluimvee. Skou-gangers het hul verkyk aan die wye verskeidenheid hoenders, ganse, eende en ander geveerdes. Oud en jonk het dae later steeds oor die pluimvee gesels.

"Na 'n uiters suksesvolle 2025 skou wil ons opreg dankie sê aan elkeen wat dit moontlik gemaak het ons lojale skou-gangers, ywerige deelnemers, vertoners, stalletjehouers, ruim borge, hardewerkende helpers en toegewyde komiteelede.

Dankie dat julle saam met ons die skou 'n fees gemaak het! Ons begin solank beplan vir 30 Julie tot 1 Augustus 2026, teken die datum aan," aldus Lutzville Landbouskoukomitee.



Een van die vele Silkies by die pluimveeskou.

VLV dames geniet kunstige oggend saam

Berig en foto: Verskaf

VREDENDAL: Die opwindendste dag in VLV lede se maand is wanneer die ledevergadering plaasvind. So kom 'n ywerige groepie dames op 24 Julie bymekaar vir hierdie geleentheid aangebied deur Kunste & Handvlyt gelei deur Nonnie van Wyk.

Deelname aan kompetisie-items gedurende die VLV se jaarlikse konferensie is belangrik vir lede en daarom het Kunste & Handvlyt dit goedgevind om die vergadering daaraan te wy. Waardevolle inligting is met lede gedeel deur Nonnie van Wyk, Riana Wilhelm en Anna-Marie de Vries. Die dames was ook baie bevoorreg om besoek te ontvang van Lizette Brand, eienaar van Kreatief Kuns & Kraft. Sy demonstreer en gee wenke oor découpage. Sy inspireer met haar entoesiasme en laat lede met 'n gevoel van "ek kan."

Die VLV tak verwelkom ook drie nuwe

lede, Annaline van der Merwe, Mariet van der Merwe, asook Ria Visser. Mag VLV aan al julle verwagtinge voldoen en jul verryk.

Verjaarsdagdames, Anita du Toit en Amanda von Czapiewski, word op 'n besonderse wyse gelukgewens deur Arina van Lill.

'n Volgepakte marktafel het weereens voldoen aan almal se behoeftes en smaak. Die VLV bedank die lede vir hul produkte wat hul elke maand na die marktafel bring. Dit bly 'n hoogtepunt, asook die gewilde woekermantjie wat deur Trudie Kruger gewen is.

As gevolg van VLVK kongres wat plaasvind gedurende 21 en 22 Augustus te Langebaan, sal daar nie 'n ledevergadering in Augustus wees nie. Die volgende vergadering is op 18 September aangebied deur Gesondheid.

Vredendal VLV nooi weereens alle belangstellendes hartlik uit om gerus die tak te besoek en hul vriendelikheid,

samehorigheid en warmte te kom ervaar. Vir verdere inligting kontak die voorsitter, Elmarie Fouché by 082 799 5929.



Nonnie van Wyk en Lizette Brand.

Sy dans verhoë aan die brand

Berig: Mariaan Smuts
Foto: Veska

CLANWILLIAM: Augsburg Landbou-gimnasium wens **Mila Mari Bruwer** (foto onder), 'n graad 9 leerder van

Lambertsbaai baie geluk met die twee grade wat sy verwerf het vir Klopdans.

Sy het die "Silver Seal Tap" eerbewys met onderskeiding van 97-99% in die "Emerald Star Groep" verwerf. Met haar solodans verwerf sy die "Bronze Wooden Block". Bruwer ontvang ook die "Dancer of the Year" beker.

Saterdag, 26 Julie het sy weer die verhoog aan die brand gedans by die "Talent Africa Regionals." Sy verwerf drie High Gold en twee Gold. Bruwer kwalifiseer nou vir die "Talent Africa Nationals."

Haar afrigter, Patsy Niemand, sê sy is super trots op Mila en dis 'n plesier om haar as student te hê.



MBD Begrafnisdienste Vredendal
Tel: 02721 32 6 32 (alle ure)

Begrafniskennisgewings

CLOETE KRISJAN
17/09/1967 - 07/08/2025
Begrafnisdienste vind plaas op Sondag 17 Augustus 2025 vanuit die huis te Rooirand plaas, Kapel. Teraardebesteding Engen Klaver Begraafplaas.

JANTJIES LOUISA
24/09/1964 - 09/08/2025
Begrafnisdienste vind plaas op Saterdag 16 Augustus 2025 vanuit die huis te Sonneblomstraat 1, Vanrhynsdorp om 09:00. Kerkdiens in die Gemeenskapsaal, Vanrhynsdorp om 10:00. Teraardebesteding, Maskamsig Begraafplaas.

KOOPMAN KLAAS
28/05/1967 - 05/08/2025
Begrafnisdienste vind plaas op Saterdag 16 Augustus 2025 vanuit die huis te Riemvasmaak 1445, Klaver om 10:00. Teraardebesteding Engen Klaver Begraafplaas.

KOTZE WILLEM
02/11/1951 - 01/08/2025
Begrafnisdienste vind plaas op Saterdag 16 Augustus 2025 vanuit die huis te Leeubekiestraat 210, Nieuwoudtville om 09:00. Kerkdiens in die V.G Kerk, Nieuwoudtville om 10:00. Teraardebesteding Nieuwoudtville Begraafplaas.

SAAL MIENA
01/03/1968 - 04/08/2025
Begrafnisdienste vind plaas op Sondag 17 Augustus 2025 vanuit die huis te Buitekantstraat 72, Vredendal-Noord om 10:00. Teraardebesteding Vredendal-Noord Begraafplaas.

VRUGTE PRODUKSIE BESTUURDER

graaff fruit
"saai die toekomst"

Hierdie uitdagende geleentheid het op ons plaas Rietfontein in die Koue Bokkeveld ontstaan. Dit is 'n permanente aanstelling, onderhewig aan die suksesvolle aflegging van 'n proeftydperk.

Vereistes:

- 'n Naskoolse kwalifikasie sal in u guns tel.
- 5 jaar bewese toepaslike ervaring in 'n bestuursposisie.
- Bewese ervaring in die verbouing van kern- en steenvrugte.
- Spesialis kennis ten opsigte van oesbeskerming, bemesting en besproeiing.
- Die ideale kandidaat sal beskik oor analitiese vermoëns, dryfkrag, selfmotivering, streng dissipline en goeie menseverhoudinge.
- Hulp met opstel en bestuur van 'n jaarlikse begroting binne ooreengekome riglyne.

Die Maatskappy bied aangename werksomstandighede wat huisvesting op Rietfontein insluit en 'n markverwante mededingende vergoedingspakket.

E-pos 'n volledige CV so spoedig moontlik aan recruitment@graaff-fruit.com.

Sluitingsdatum: 22 Augustus 2025
Pos aanvaarding: So spoedig moontlik maar ideaal nie later as 1 Oktober 2025 nie.

KOPIEREG

Geen berig, foto, artikel of advertensie wat in die **ONS KONTREI** verskyn het mag sonder verloop van die Redakteur gereproduseer word nie, ingevolge Artikel 12 (7) van die Wet op Outeursreg van 1978.

ONS KONTREI se redaksie deel nie noodwendig die menings van lesers, adverteerders of korrespondente nie. Uitgegee deur Protea Drukkery, Sentraalstraat 8, Vredendal 8160.

Uitgewer:
Riaan Oberholzer,
Posbus 140
Vredendal, 8160
Tel (027) 213 2074
Faks (027) 213 2075

Namaqua atlete troef die koue met hul tekkies

Berig: Elna Esterhuyse
Foto's: Verskaf

VREDENDAL: Namaqua atlete troef die koue weer goed met hulle tekkies. Vir Danie en Sharon beteken naweek eenvoudig vroeg opstaan vir 'n wedloop iewers: Trailfun Winter Series 4/4: Karibib Wine Estate 10,5km - Danie 01:36:01, Sharon 01:31:36; Dirtopia Winter Trail Run: Knorhoek Wine Estate - Danie 01:35:53, Sharon 01:34:32; Eco Active Charity Beach Run: Muizenberg 7km - Danie en Sharon 00:49:59; John Korasie 30km - Sharon 03:22:14. Ander atlete laat lê ook nie slap nie. Die gewilde Cape Town TotalSports Women's Race 10km word afgelê deur Aninda

Maass (01:00:20), Denise Farmer (01:15:21) en die Barnard-trio: Chris, Frieda (wat sommer haar nuwe jaar daar indraf) en Lee-Ann. Landlope raak ook toenemend gewild, veral onder die jonger atlete. Cameron Beukes en Colin Makatees voltooi die byeenkoms op Saldanhabaai, en Beukes behaal ook 'n derde plek in die Paarl tydens die Boland Kampioenskappe 10km. Die wedlope wat wink soos die somer naderkom, is die Langebaan -, Sanlam Cape Town-, Mykonos -, OUTsurance Gun Run - en Winelands-byeenkomste.,



Cameron Beukes en Colin Makatees.



Danie en Sharon Calitz.



Denise Farmer, Chris, Frieda en Lee-Ann Barnard.



Aninda Maass.

Juffrou ontvang toekenning

Berig: Mariaan Smuts
Foto: Verskaf

CLANWILLIAM: Die National Best Teacher Award het dié jaar hul 25ste bestaansjaar gevier. Die seremonie het op 18 Julie by die Kalkoonde Wedding Venue in Wellington plaasgevind. Marika Williams van Clanwilliam Senior Sekondêr het vanjaar die toekenning ontvang. Williams het weer op 28 Julie die distrik op Provinsiale vlak verteenwoordig waar sy sou kompeteer teen al die deelnemende distrikte.

Monica Stanley (hoof van kurrikulum), Marika Williams en Denver Walbrugh (kringbestuurder van kring 1).

Weersomstandighede maak dit moeilik

Berig: Verskaf

CEDERBERG/MATZIKAMA: Die wedvlug Saterdag, 9 Augustus vanaf Britstowntown was ook die jaarlikse Jongduif Kampioenskap gewees. Die duiwe kon eers Sondag, 10 Augustus om 8:30 losgelaat word as gevolg van gure weersomstandighede wat Saterdag geheers het. Vir die afrieters was dit steeds vol plesier. Die 1ste geveerde atlete was omstreeks 15:26 tuis. Die klubuitslae is as volg- Lutzville: J&S Agenbach verower die 1ste vier posisies gevolg deur Baard en Gilomee hokke. Agenbach wen ook die weeklikse klubprys. Vredendal: M&D Loft wen loshande met 'n wenspoed van 1182 m/m, gevolg deur Buys hokke. Trawal; Piet Geldenhuys 1ste gevolg deur Johan Huysamen. Clanwilliam: Die Spammer-span verower die 1ste sewe

posisies. Graafwater: Zass Lofts palm die 1ste drie posisies in. Die Jaaroud Kampioenduif behoort aan M&D Lofts van Vredendal klub, asook die week se Federasie prys. Komende naweek se vlug sal vanaf Keimoes wees wat jaarliks sorg vir baie interessante uitslae.

Foto: Argief

CEDERBERG MUNICIPALITY / MUNISIPALITEIT

NOTICE NUMBER: 191/2025

PROPOSED REZONING, SUBDIVISION AND CONFIRMATION OF EXEMPTION FROM APPROVAL FOR THE REGISTRATION OF A SERVITUDE: ERF 168, LAMBERTS BAY

Applicant: CK Rumboll and Partners,
Tel no. 022 482 1845; E-mail planning5@rumboll.co.za or reception@rumboll.co.za

Owner: Cederberg Municipality

Reference number: Erf 168 LB

Property description: Erf 168, Lamberts Bay

Physical address: R364

Description of application:

- a) Rezoning of a portion of Erf 168, Lamberts Bay (±7,96ha in extent) in accordance with Section 15(2)(a) of the Cederberg Municipality Land Use Planning By-Law (PG 8062 of 15 March 2019) from Agricultural Zone I to Authority & Utility Zone to accommodate authority uses, including an impound facility and waste drop-off and recycling facility.
- b) Subdivision of Erf 168, Lamberts Bay in accordance with Section 15(2)(d) of the Cederberg Municipality Land Use Planning By-Law (PG 8062 of 15 March 2019), to create three portions, namely Portion A (±4,79ha in extent), Portion B (±3,17ha in extent) and Remainder Erf 168, Lamberts Bay.
- c) Confirmation of Exemption for the registration of a private right of way servitude in accordance with Section 24(1)(f)(iv) of the Cederberg Municipality Land Use Planning By-Law (PG 8062 of 15 March 2019) over Portion A in favour of Portion B.

Notice is hereby given in terms of section 45 of the Cederberg Municipality By-law on Municipal Land Use Planning that the abovementioned application has been received and is available for inspection during weekdays between 08:30 and 15:00 at the office of the Cederberg Municipality, at the Town Planning & Building Control Department, 2A Voortrekker Street, Clanwilliam. Any written comments may be addressed in terms of section 50 of the said legislation to Private Bag X2, Clanwilliam, 8135, or fax number (027) 482 1933, for the attention of Mr. A. Neethling, on or before 30 days from the date of publication of this notice, quoting your, name, address or contact details, interest in the application and reasons for comments. The comments can be emailed to landuse@cederberg.gov.za. Telephonic enquiries can be made to Mr. A. Neethling at (027) 482 8000. The Municipality may refuse to accept comments received after the closing date. Any person who cannot write will be assisted by a Municipal official by transcribing their comments.

KENNISGEWING: 191/2025

VOORGESTELDE HERSONERING, ONDERVERDELING EN BEVESTIGING VAN VRYSTELLING VAN GOEDKEURING VIR DIE REGISTRASIE VAN 'N SERWITUUT: ERF 168, LAMBERTSBAAI

Applikant: CK Rumboll en Vennote,
Tel no. 022 482 1845, E-pos: planning5@rumboll.co.za of reception@rumboll.co.za

Eienaar: Cederberg Munisipaliteit

Verwysingsnommer: Erf 168 LB

Eiendomsbeskrywing: Erf 168, Lambertsbaai

Fisiese Adres: R364

Beskrywing van aansoek:

- a) Hersonering van 'n gedeelte van Erf 168, Lambertsbaai (±7,96ha in omvang) in ooreenstemming met Artikel 15(2)(a) van die Cederberg Munisipaliteit Grondgebruikbeplanning Verordening (PK 8062 van 15 Maart 2019) vanaf Landbouzone 1 na Owerheids- en Nutssone om owerheidsgebruike te akkomodeer, insluitend 'n beslagleggingsfasiliteit en afval-aflewering- en herwinningsfasiliteit.
- b) Onderverdeling van Erf 168, Lambertsbaai in ooreenstemming met Artikel 15(2)(d) van die Cederberg Munisipaliteit Grondgebruikbeplanning Verordening (PK 8062 van 15 Maart 2019), om drie gedeeltes te skep, naamlik Gedeelte A (±4,79ha in omvang), Gedeelte B (±3,17ha in omvang) en Restant Erf 168, Lambertsbaai.
- c) Bevestiging van Vrstelling vir die registrasie van 'n privaat reg-van-weg serwituut in ooreenstemming met Artikel 24(1)(f)(iv) van die Cederberg Munisipaliteit Grondgebruikbeplanning Verordening (PK 8062 van 15 Maart 2019) oor Gedeelte A ten gunste van Gedeelte B.

Kennis word hiermee gegee in terme van artikel 45 van die Cederberg Munisipaliteit se Verordening op Munisipale Grondgebruik en Beplanning dat die bovermelde aansoek ontvang was en dat dit beskikbaar vir insae beskikbaar is gedurende weksdae tussen 08:00 en 15:00 by die kantoor van die Direkteur : Ingenieurs en Beplanningsdienste, Cederberg Munisipaliteit, by die Stadsbeplanning en Boubeheer Hulptoonbank, Voortrekkerstraat, Clanwilliam. Enige geskrewe kommentaar moet, in terme van artikel 50 van die genoemde wetgewing geadresseer aan Privaat sak X2, Clanwilliam, 8135, of gefaks word na (027) 482 1369, vir aandag van Mnr. A. Neethling, op of voor 30 dae van die datum van publikasie van hierdie kennisgewing, met vermelding van hierdie kennisgewing en met aanduiding van u naam, adres of kontakbesonderhede, belang by die aansoek en rede vir kommentaar. Kommentaar kan gestuur word na landuse@cederberg.gov.za. Telefoniëse navrae kan gerig word aan Mnr. A. Neethling by (027) 482 8000. Die Munisipaliteit mag weier om aansoeke wat na die sperdatum ontvang was te erken. Enige persoon wie nie kan skryf nie kan bygestaan word deur 'n Munisipale beampte om amptelik hul kommentaar op skrif te stel.

Regards/ Die uwe
Municipal Manager/ Munisipale Bestuurder

Vanrhynsdorp parkrun/walk

5km stap of draf
Saterdag
om **8:00**
Letsatsi Lodge

Registreer by
www.parkrun.co.za/vanrhynsdorp



Ons Kontrei

Tel: 027 213 2074 Ons mense se koerant

AKTUELE NUUS

15 AUGUSTUS 2025

Adverteer dit werk!

Skakel ons
kantoor vir meer
inligting,
027 213 2074

Olifantsrivierstreek Landbouwerker van die Jaar

Berig en foto's:
Annemarie Munnik

VREDENDAL: Die jaarlikse Olifantsrivierstreek se Landbouwerker van die Jaar prysuitdeling in samewerking met Olifantsrivier Tafeldruif Produsente Vereniging (OTPV), Departement Landbou en Shoprite het 31 Julie, by die Keldery Red Ox Vredendal plaasgevind.

Dominee Farren Cloete was die seremoniemeester en die gehoor het haar terdeë geniet. Kolie Paulse het die skriflesing waargeneem. Anneke Greeff Stephan van OTPV het 'n oorsig oor die kompetisie gegee. Dié jaar was daar 103 inskrywings en nuwe plase wat deelgeneem het.

Die beoordelaars was Kolie Paulse, 2013 se Olifantsrivier streekswenner en Wes-Kaap se wenner, Ilse Boks (Departement Landbou Wes-Kaap), Louis Hanekom en Riana Janse van Rensburg (Departement Landbou Wes-Kaap).

Die derde plekke ontvang 'n geraamde sertifikaat, R1200 kontant en 'n R500 Shoprite geskenkbewys. Die tweede plekke ontvang ook 'n geraamde sertifikaat, R1500 kontant en 'n R650 Shoprite geskenkbewys. Die kategoriewenner ontvang 'n geraamde sertifikaat, R2200 kontant vanaf Departement Landbou,

R1000 kontant vanaf OTPV en 'n R800 Shoprite geskenkbewys.

Die Algemene Werkers is, derde: Jonguxolo Nohiya van De Vlei Boerdery - Klein Vaalwater, tweede: Stephen Pieterse van Arcadia en die wenner is Andrew Mashi van Atlantic Black. Hy werk al vyf jaar op die plaas en is ook deel van die gesondheid- en veiligheidskomitee.

In die tweede kategorie, Administrasie, is in die derde plek: Charet van Rooi van Sigma Farming, tweede is Alina Thom van Trawal Fresh Fruit Company en in die eerste plek is Sarah Tieties van De Vlei Boerdery - Spook en Spartel. Tieties wil graag in die toekoms nog kursusse doen om verder tegnologie te vorder.

Die derde plek wenner in die Sosiale Ontwikkeling kategorie is Shascia Lenee van Hexrivier Sitrus, tweede is Nicoleen Fransman van Swartvlei Boerdery. Die wenner, Sarah Mathys van Rostra Grape Company is al 30 jaar deel van die plaasgemeenskap en volgens die bestuurders verdien sy die erkenning vir haar lewenslange diens.

William Basson van Piekenierskloof Vrugte is die derde plek wenner in die Drywers kategorie. In die tweede plek is Frans de Bruin van Trawal Fresh Fruit Company en die wenner is Jakob Eiman van Rostra Grape Company.

In die Besproeiing kategorie stap Kayser Davids van De Vlei Boerdery - Groot Vaalwater weg met die derde plek, Leonard Beukes van De Vlei Boerdery - Spook en Spartel tweede en die wenner is André Mentoor wat al 13 jaar vir Piekenierskloof Vrugte werk.

Micheal Pienaar van De Vlei Boerdery - Klein Vaalwater is derde in die Tegniëse Operateur kategorie, tweede is Johannes Kayo van Trawal Fresh Fruit Company en Lovell Claasen Suiderland Plase - Radyn stap weg as die wenner.

In die Voorman/Voorvrou kategorie in die derde plek is Monica Tieties van Piekenierskloof Vrugte. Tweede plek behoort ook aan 'n dame, Samantha Arries van De Vlei Boerdery - Groot Vaalwater. Die eerste plek gaan aan Ngonidzashe (Chief) Ny-aunga van Sigma Farming.

Junior Bestuur se derde plek gaan aan Kyle Basson van Sigma Farming, tweede is Bronwin du Plessis van Wespak en die eerste plek is John Afrikaner. Hy werk al 20 jaar vir Piekenierskloof Vrugte. Afrikaner het as 'n algemene werker begin en homself opgewerk tot junior bestuurder in die pakhuis.

Renciah Jantjies van Wespak is derde in die Middel Bestuur kategorie, Abram Erasmus van Arcadia tweede en die wenner is Jolandi Thundu van Atlantic Black.

Die wenner van die Beste Potensiaal kategorie ontvang 'n geraamde sertifikaat, R1 000 kontant van Departement Landbou, R1 000 kontant van die OTPV, asook 'n R500 Shoprite geskenkbewys. Die wenner van hierdie afdeling gaan ook deur na die finale beoordeling in Stellenbosch. Die wenner, Shascia Lenee van Hexrivier Sitrus op Citrusdal was voorwaar verras toe sy as wenner aangekondig word.

Die Beste Presterende Plaas, Atlantic Black op Trawal het 2 eerste plekke die jaar behaal en die res van hulle deelnemers het ook baie goeie punte behaal. Dit was ook die eerste keer wat die plaas ingeskryf het vir die kompetisie.

Dié plaas lewer ook die Olifantsrivier Landbouwerker vir 2025 op. Dit is die vierde jaar wat dit 'n vrou is en ook die vierde keer dat die algehele wenner uit Trawal kom. Die wenner is Jolandi Thundu. Dit is die eerste jaar wat Thundu aan die kompetisie deelgeneem het. Sy ontvang 'n geraamde sertifikaat, R2500 vanaf Departement Landbou, R1000 vanaf OTPV en 'n R1000 Shoprite geskenkbewys.

Die kategoriewenners en die Beste Potensiaal wenner gaan saam met Thundu na die Wes-Kaap se geleentheid op Saterdag, 1 November.



Die Beste Presterende Plaas, Atlantic Black van Trawal.



Wayne Newman, Jolandi Thundu (Olifantsrivier Landbouwerker vir 2025) en Jacqueline Pandaram.



Shascia Lenee, Beste Potensiaal wenner.



Wayne Newman saam met die Middelbestuur wenners, Renciah Jantjies, Jolandi Thundu en Abram Erasmus en Jacqueline Pandaram.



Wayne Newman (Shoprite) en die Junior Bestuur wenners, Kyle Basson, John Afrikaner en Bronwin du Plessis saam met Jacqueline Pandaram, (Departement Landbou Wes-Kaap).